## DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

**No. 1779** **9 August 1985**

WAR GRAVES AND NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE SITE WITH THE HISTORIC TOKAI ARBORETUM THEREON, SITUATED IN THE TOKAI FOREST, AT TOKAI, CAPE TOWN

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the War Graves and National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Frederik Willem de Klerk, Minister of National Education, hereby declare the site with the historic Tokai arboretum thereon, situated in the Tokai Forest, at Tokai, Cape Town, to be a national monument.

*Description*

The site with the Tokai arboretum thereon, situated on portions of the undermentioned properties:

(i) A portion of the farm Tokai, situated in the Cape Division, Province of the Cape of Good Hope (now known as the farm Tokai 908).

Certificate of Registered Crown Title 311/1954, dated 29 December 1954.

(ii) A portion of the remainder of certain piece of land named Tockay situated in the Cape district (now known as the farm Tokai 1128).

(iii) A portion of the remainder of certain piece of perpetual quitrent land, situated as above (now known as the farm Tokai 1130).

Deed of Transfer 66/1883, dated 6 March 1883 (paragraphs 1 and 2, respectively).

*Historical and scientific interest*

The South African forest industry had its beginnings on this site when Joseph Storr Lister, Conservator of Forests of the Western Conservancy of the Cape Colony, laid out this impressive arboretum in 1885. The arboretum is world famous among botanists, horticulturists and sylviculturists on account of the large variety of indegenous trees growing here.

F. W. DE KLERK,

Minister of National Education.

## DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

**No. 1779** **9 Augustus 1985**

WET OP OORLOGSGRAFTE EN NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE TERREIN MET DIE HISTORIESE TOKAI-ARBORETUM DAAROP, GELEË IN DIE TOKAI-BOS, TE TOKAI, KAAPSTAD

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Oorlogsgrafte en Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Frederik Willem de Klerk, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die terrein met die historiese Tokai-arboretum daarop, geleë in die Tokai-bos, te Tokai, Kaapstad, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die terrein met die Tokai-arboretum daarop, geleë op gedeeltes van ondergenoemde eiendomme:

(i) 'n Gedeelte van die plaas Tokai, geleë in die afdeling Kaap, provinsie Kaap die Goeie Hoop (nou bekend as die plaas Tokai 908).

Sertifikaat van Geregistreerde Kroontitel 311/1954, gedateer 29 Desember 1954.

(ii) 'n Gedeelte van die restant van sekere stuk grond genaamd Tockay, geleë in die Kaapse distrik (nou bekend as die plaas Tokai 1128).

(iii) 'n Gedeelte van die restant van sekere stuk ewigdurende erfpaggrond geleë soos hierbo (nou bekend as die plaas Tokai 1130).

Transportakte 66/1883, gedateer 6 Maart 1883 (onderskeidelik paragrawe 1 en 2).

*Historiese en wetenskaplike belang*

Die grondslag van die bosboubedryf in Suid-Afrika is in 1885 op hierdie terrein gelê toe Joseph Storr Lister, Bosbewaarder van die Westelike Bewaargebied van die Kaapkolonie, hierdie indrukwekkende boomkwekery aangelê het. Die arboretum is wêreldberoemd onder botaniste, tuinboukundiges en bosbouwetenskaplikes vanweë die groot verskeidenheid van inheemse boomsoorte wat hier groei.

F. W. DE KLERK,

Minister van Nasionale Opvoeding.

BJS/tv

Plaque and badge erected
[illegible] 7

WEEKS

PEND = | 4 | 6 | 8 | 10 | 12 |